# Drie probleemareas in gebed: 'n Perspektief vanuit die Nuwe Testament[1]

**Hermie C van Zyl**
**Departement Nuwe Testament**
**Universiteit van die Vrystaat**

## Abstract

### Three problem areas in prayer: A perspective from the New Testament

***Three problem areas that may cause prayer to be experienced as futile, are discussed. The areas are: the omniscience, will and omnipotence of God. Several texts in (primarily) the New Testament are treated. The article concludes that these areas do not lead to futility in prayer, but rather invite the believer to – through prayer – rest in the providence of God, and to share in his peculiar dealings with individual believers and the cosmos, dealings which are grounded in God's kindness.***

## 1. VOORAF

Daar is ten minste drie probleemareas in gebed wat meebring dat gebed soms as 'n futiele oefening deur selfs Bybelgelowiges beleef word. Die areas is: die alwetendheid, wil en almag van God. Sonder om die teologiese kompleksiteit van hierdie areas te onderskat, wil die onderhawige artikel deur middel van 'n eksegeties-teologiese hantering van enkele sleutelgedeeltes in (hoofsaaklik) die Nuwe Testament aantoon dat futiliteit nie 'n geldige gevolgtrekking uit hierdie probleemareas is nie.

Met die hantering van gebed word ook aansluiting gevind by 'n tema in die teologiese oeuvre van die jubilaris, professor Gert Pelser. In twee relatief onlangse publi-

[1] Oorspronklik as voordrag gelewer by die Teologiese Dag (oor gebed) van die Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat, op 15-2-2000 te Mooigenoeg-kampterrein, Bloemfontein. Vir hierdie publikasie aangepas en uitgebrei.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

kasies (1994, 1995) het hy dit oor die kerk in die Nuwe Testament. Kerk en gebed hang ten nouste met mekaar saam. Gebed is immers by uitstek die manier waarop die kerklidmaat uitdrukking gee aan die persoonlike verhouding met God. Maar terselfdertyd bepaal gebed ook die kwaliteit van hierdie verhouding. Daarom dat probleme wat met gebed ondervind word – veral in krisistye – dikwels tot ernstige versteurings in die verhouding kan lei. Die bedoeling van die artikel is nie om gebed te problematiseer nie, maar om via 'n bespreking van hierdie probleemareas aan te toon dat futiliteit nie 'n opsie in die Bybelgelowige se gebede hoef te wees nie.

## 2. INLEIDING

'n Mens sou kort en kragtig kon sê die oorkoepelende doel van gebed is die eenwording van die gelowige met God en sy wil. In gebed probeer die gelowige in pas kom met wie God is, wat sy wil is en waarheen Hy met ons op pad is. Hierdie oogmerk sou egter 'n lugspieëling bly as dit nie was dat God ons hierin tegemoet tree nie. Trouens, as dit nie was dat God die gesprek tussen Hom en ons inisieer en moontlik maak nie, sou ons nooit die behoefte daartoe gehad het nie. Dis veral Paulus wat ons oë daarvoor oopmaak dat dit die Gees van God is wat maak dat ons God kan hoor en Hom kan antwoord na sy welbehae. Dit is die Gees wat ons tot God laat ontwaak en laat roep: "Abba – Vader"[2] (Rom 8:15; Gal 4:6). Daarom kan Versteeg sê (1973:6): "In het Nieuwe Testament is het gebed een pneumatologische werkelijkheid. In het Nieuwe Testament is het gebed niet iets van de mens zelf en verklaarbaar vanuit de mens. In het Nieuwe Testament is het gebed gave van de Heilige Geest, slechts verklaarbaar vanuit de Heilige Geest." Die Gees is die Groot Kommunikeerder tussen God en mens, die gebedsmiddelaar (Ridderbos 1959:192). Deur die Gees deurgrond God die diepste roersels van ons denke, en bring Hy dit in ooreenstemming met sy wil (Rom 8:27). So ontstaan daar 'n gesprek tussen God en mens waarin die mens ingeskakel word op God se golflengte.

Gebed is daarom een van God se grootste gawes aan die mens. Maar dis ook 'n moeilike taak wat geleer moet word. So bely Paulus: "... ons weet nie wat en hoe ons

---

[2] Op sigself staande dui die tweetalige weergawe (Aramees en Grieks), saam met die werkwoord "roep" (*krazō*) moontlik op die gemeentelike liturgie as die oorspronklike *Sitz im Leben* van hierdie gebedsroep. Die huidige konteks in die Romeinebrief wys egter eerder in die rigting van die persoonlike gebed (vgl Rom 8:16, 26-27; vgl Ridderbos 1959:181; Versteeg 1973:11-12)



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

behoort te bid nie ..." (Rom 8:26), en die dissipels vra vir Jesus: "Here, leer ons bid..." (Luk 11:1). Gebed is weliswaar die soeke na die eenwording met God, dit is die hart van alle vroomheid (Origenes[3]), die ware roeping van die Christen (Luther[4]), en die vernaamste deel van ons dankbaarheid (Heidelbergse Kategismus, Sondag 45, vraag 116). Maar dis ook 'n leerskool waarin ons moet groei. En dis veral die laaste aspek wat in hierdie artikel aandag ontvang wanneer ons nou na probleemareas in gebed kyk.

## 3. PROBLEEMAREAS IN GEBED

Die Bybel *reflekteer* nie juis oor gebed nie. Om nie eens te noem nie dat die Bybel nie spekuleer of gebed hoegenaamd sinvol is en of dit "werk" nie. So 'n vraagstelling is totaal vreemd aan die wêreld van die Bybel. Daar word wel hier en daar oor 'n verkeerde soort bid gehandel – byvoorbeeld: om mense te probeer beïndruk (Matt 6:5); om verhoring af te dwing (Matt 6:7); om te bid sonder vertroue (Jak 1:6); of, om bloot jou selfsugtige begeertes te wil bevredig (Jak 4:3). Maar gebed word nie in die streng sin van die woord as objek van besinning aan die orde gestel nie. Die naaste wat die Bybel waarskynlik hieraan kom, is die Ons Vader wat Jesus as modelgebed aan sy dissipels voorhou. Maar ook hier vind daar nie doelbewuste refleksie plaas nie (dit word bv nie uitgelê nie). Dit is veel eerder so dat gebed as iets vanselfsprekends aangebied word, sonder enige problematisering, asof die boodskap tuisgebring wil word: dít is wat gelowiges doen; gebed is die spontane asemhaling van die gelowige. Orals in die bladsye van die Bybel vind jy gelowiges besig om te bid – sy dit lof, aanbidding, dank, smeking, klag of voorbidding – asof dit die natuurlikste ding op aarde is.

Hoewel refleksie nie in die Bybel voorkom nie, wil dit nie sê dat antieke gelowiges nie oor gebed besin het nie. Iets hiervan skemer tussen die reëls deur wanneer die dissipels vir Jesus vra om hulle te leer bid. Dit veronderstel nadenke oor gebed (vgl Miller 1994:309): doen ons dit reg; wat is die beste manier van bid; wat en waarvoor moet ons bid? Dat daar nog altyd probleemareas in gebed was, word bevestig deur die voorbeelde van verkeerd bid, hierbo genoem. Maar nou is dit ironies dat van die grootste probleme wat gelowiges vandag met gebed ervaar, indirek en eintlik teen die bedoeling

3 Aangehaal deur Cullmann (1995:xiii, 145 n 5).

4 Aangehaal deur Cullmann (1995:xiii, 145 n 6).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

en konteks in, in bepaalde gedeeltes van die Nuwe Testament gevind word. Dit is hierdie sake wat vervolgens aan die orde gestel sal word.

Drie probleemareas sal toegelig word. Aldrie kan daartoe lei dat gebed as futiel beleef word, dat gevra word: is dit die moeite werd om te bid? Dit sal ook blyk dat gebed en ons teologie ten nouste saamhang. Hoe 'n mens oor God dink, het 'n bepalende uitwerking op ons gebedslewe – of ons dit as sinryk of sinloos beleef.

### 3.1 Gebed en die alwetendheid van God

Jesus waarsku sy dissipels teen die gebruik van die heidene wat met 'n stortvloed van woorde hulle god probeer beweeg om hulle gebede te verhoor (Matt 6:7-8). As agtergrond moet aanvaar word die gebruik onder die nie-Jode van destyds om die naam, benamings of eretitels van hulle god, of allerlei toorformules, eindeloos te herhaal ten einde die god se aandag te trek, sy hart te vermurwe en so druk op hom uit te oefen (vgl Versteeg 1978:83.[5] 'n Goeie voorbeeld hiervan – uit die Ou Testament – is die optrede van die Baälprofete op die Karmelberg; 1 Kon 18:26,28). Vervolgens motiveer Jesus sy waarskuwing teen hierdie gebruik soos volg: *Julle Vader weet wat julle nodig het, nog voordat julle dit van Hom vra* (Matt 6:8 – 'n teks uniek aan Matteus; vgl ook Jes 65:24; Ps 139:4 vir OT agtergrond). Oppervlakkig bekyk lyk dit asof Jesus dit hier teen lang – privaat of openbare – gebede het. Maar dat lang gebede nie as sodanig die probleem vorm nie, word gestaaf deur (a) die eintlike saak wat hier in die spel is (kyk onder verder hieroor), (b) die feit dat Jesus self dikwels vir lang tye in gesprek met sy Vader verkeer het (bv Luk 6:12) – en selfs herhalend gebid het (Matt 26:36-46), en (c) die opdrag wat in verskillende vorme dikwels herhaal word dat ons volhardend moet bid (vgl Rom 12:12; 1 Tess 5:17), wat tog ook lang gebede – en in elk geval herhaling – impliseer.

Natuurlik is dit nie die bedoeling van dié motivering van Jesus om tot allerlei ongeldige afleidings omtrent die relevansie van gebed te lei nie. Nogtans is dit die ervaring dat vanuit hierdie uitspraak die vraag dikwels by gelowiges knaag: Waarom is dit nodig om te bid as God in elk geval weet wat ons nodig het? Om hierdie vraag te

[5] Hoewel dié heidense manier van bid die agtergrond vorm vir Matteus 6:7-8, wys Carson (1984:166) daarop dat Jesus nie soseer die heídene in die oog het nie, maar dat Hy hulle manier van bid as voorbeeld gebruik om betekenislose, herhalende gebede by sy dissípels af te wys, omdat hierdie soort gebede ook by Bybelgelowiges kan voorkom. Inderdaad het die Fariseërs – voortreflike Bybelgelowiges! – hulle hieraan skuldig gemaak deur vir die skyn lang gebede te doen (vgl Mark 12:40//Luk 20:47).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

beantwoord, kyk ons nou na die bedoeling van Jesus se uitspraak, in die lig van die groter verband waarin dit voorkom.

Die bedoeling van Jesus se uitspraak is nie om lang gebede af te wys, of – nog erger – om gebed as sodanig oorbodig te verklaar nie, maar om die opvatting dat woordrykheid, lengte en herhaling noodsaaklik is vir *toegang* tot God (Schweizer 1978:147), of vir die *verhoring* van gebede (Grundmann 1971:199), nek-om te draai. Die enigste geldige afleiding wat ons dus uit hierdie motivering kan maak, is nie dat *gebed* onnodig is vir verhoring nie, maar dat 'n *sekere soort* gebed onnodig is. Bloot hierdie – amper logiese – afleiding verlig al klaar die druk wat daar so dikwels op die nodigheid van gebed geplaas word vanuit hierdie woorde van Jesus. Maar hierdie insig moet nog verruim word vanuit die breër verband.

Wat uit die breër verband ter sprake kom, is nie net dat 'n sekere soort gebed onnodig is vir verhoring nie, maar dat so 'n gebed (as mens dit gebed kan noem) ten diepste die eer van God aantas. Want dit gaan oor veel meer as God se alwetendheid. Laasgenoemde is nog te neutraal gestel. Dit gaan eerder oor God se *voorsienigheid,* oor sy *versorging* van sy kinders. Dat God alles weet wat ons nodig het, nog voordat ons Hom vra, het daarmee te make dat Hy as Vader in sy *liefdevolle versorging naby ons is.* Hy kan en wil ons totaliter versorg omdat Hy ons omstandighede totaliter ken. Dit word duidelik wanneer Matteus 6:8 met sy "parallel", Matteus 6:32, in verband gebring word. Daar kry ons presies dieselfde motivering waarom ons nie soos die heidene (let op: weer dieselfde vergelyking as in 6:8) onnodig besorg moet wees oor wat ons moet eet, drink en aantrek nie – omdat ons hemelse Vader weet dat ons dit alles nodig het!

En "hemelse Vader" is presies die woorde waarmee die Ons Vader-gebed ook begin. Trouens, daar is geleerdes wat die Ons Vader-gebed, en daarmee God se Vaderskap, as die sleutel aanmerk waarmee die hele Bergrede verstaan moet word (vgl Luz 1985:185-187, 352; 1995:50; Grundmann 1971:204-206): Omdat God ons liefdevolle, versorgende Vader is, kan en wil ons ons radikaal aan sy liefdeseis van oorvloedige geregtigheid onderwerp (5:20), kan ons in alle eenvoud en vertroue bid dat Hy ons ons daaglikse brood sal gee (6:11), en hoef ons nie bekommerd te wees oor die dag van môre nie (6:34).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

So gesien kom die ander gebedstekste wat met God as die goeie Vader verbandhou, ook in fokus: Matteus 7:7-11 wat sê dat as ons wat sleg is, weet watter goeie dinge om vir ons kinders te gee, hoeveel te meer sal ons Vader in die hemel nie weet watter goeie gawes om te gee vir dié wat Hom vra nie. Ook die "skaamtelose" vriend wat niks daarvan dink om in die middel van die nag sy buurman op te klop vir kos nie (Luk 11:5-8). Dit wys heen na die goedheid van God wat veel geredeliker sal gee wanneer ons nie skaam is om Hom iets te vra nie (Luk 11:9-13). Lukas 18:1-8 vertel ook van die weduwee wat die regter dag en nag gepes het om aan haar reg te laat geskied. En as hy wat 'n mens is op die ou end toegee, hoeveel te meer sal God wat goed is nie diegene wat dag en nag tot Hom roep, gou (!) help nie (vgl v 7-8).[6]

Die *tertium comparationis* van hierdie gebedstekste in Matteus 7, Lukas 11 en Lukas 18 is die kontras wat geskep word tussen mense en God: Mense is sleg, nogtans gee hulle goeie dinge. Hoeveel te meer sal God wat goed is, nie goeie dinge gee nie (Matt 7). Selfs 'n goeie vriend se vriendskap kan jou by geleentheid in die steek laat en moet daarom met ander tegnieke (skaamtelose aanporring) aangehelp word voordat hulp verleen word. Maar so is God nie. Hy handel altyd vanuit sy goedheid; Hy het nie nodig om aangepor te word nie; Hy is altyd gereed om uit liefde te gee wat ons nodig het (Luk 11) (vgl Fisher 1954:141). Dieselfde met die onregverdige regter (Luk 18): Selfs hy help uiteindelik wanneer hy in 'n hoek gedruk word. Hoeveel te meer sal God wat regverdig is, nie gereed staan om reg te laat geskied aan sy uitverkorenes nie.

Hierdie tekste sê net een ding: Omdat God weet wat ons nodig het, versorg Hy ons liefdevol, Hy wil vir ons goeie dinge gee – selfs wanneer ons (verkeerdelik) dink dat ons Hom net sal pla – en Hy staan altyd gereed om aan ons reg te laat geskied. Dus, dat God alles weet wat ons nodig het, nog voordat ons vra, maak die vra nie onnodig nie, maar maak dit juis moontlik (vgl Luz 1985:331). Dit lei nie tot gebedsverlamming en – versaking by die besef dat mens God tog niks kan wysmaak nie. Inteendeel, dit verseker

[6] By die gelykenis van die weduwee en die regter moet die breër teologiese konteks waarbinne Lukas die gelykenis plaas, nie uit die oog verloor word nie. Dit vind sy uitdrukking in Lk 18:8: "Maar sal die Seun van die mens by sy koms nog geloof op die aarde vind?" Met hierdie woorde word 'n appèl gerig tot die lesers om die versoekings van die bose te weerstaan totdat die Seun van die mens in heerlikheid kom. En hoe sal hulle dit regkry? Die gelykenis verskaf die antwoord: deur volhardend tot 'n regverdige God te bid. Aan diegene sal God gou reg laat geskied (vgl Miller 1994:311). Lukas se teologisering van die gelykenis herinner ons weer daaraan dat gebed nie net op ons eie klein agendatjies moet fokus nie, maar die groot saak van die koninkryk in gedagte moet hou.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

ons van die onbegryplike goedheid en versorging van God. Dit nooi ons uit om Hom met vrymoedigheid te nader. Ons hoef nie sy aandag op ons te probeer vestig met allerlei gebedstruuks nie. Ons hoef Hom nie van ons behoeftes te oortuig nie. Ons hoef Hom nie eers gunstig te stem voordat Hy aan ons sal aandag gee nie. Ons hoef Hom ook nie te probeer omkoop nie. Voordat ons nog kan dink om te vra, staan Hy al klaar gereed om te gee. En dis presies hierdie wete wat ons uitnooi om deel te hê aan 'n liefdevolle verhouding met God, wat ons vrymoedig maak om van God te vra wat ons nodig het. Natuurlik nie met 'n "ons eis"-houding nie, maar as kinders wat verseker is van die liefde en goedheid van hulle Vader en daarom graag met hulle versoeke na Hom toe gaan. Want hulle weet: by Hom sal hulle nie 'n afjak en 'n koue skouer kry nie.

In kort kom dit hierop neer: As jy weet iemand is jou goedgesind, vra jy hom of haar makliker iets as wanneer iemand jou kwaadgesind is. Dis presies wat Matteus 6:8 wil sê: die wete dat God al jou behoeftes ken en jou goedgesind is, dryf jou nie van Hom af weg nie, of, maak dit nie onnodig om Hom iets te vra nie, maar open juis die weg vir gebed. Want jy weet dat God jou beste belange op die hart dra. Hy wil graag gee volgens wat Hy dink die beste vir ons is. Bogenoemde bring ons by die volgende probleemarea.

### 3.2 Gebed en die wil van God[7]

In die inleiding het ons reeds gesê dat dit die oorkoepelende doel van gebed is om ons in pas te bring met God en sy wil. Juis daarom is dit verrassend hoe min kere in die Bybel gebed in soveel woorde met die wil van God in verband gebring word. Tog moet die *saak* van God se wil altyd as agtergrond vir gebed veronderstel word, soos dit blyk uit byvoorbeeld Kolossense 1:9ev. Reeds in die Ou Testament is dit duidelik dat God se wil nie as vanselfsprekend geneem kan word nie. Hy is nie die Groot Staatmaker wat maar altyd net gewillig is om mense ter wille te wees nie. Inteendeel, Hy is die soewereine

[7] Vir doeleindes van hierdie bespreking maak ek onderskeid tussen die sogenaamde bekende en onbekende wil van God. Dit is so dat ons oorbehep met die onbekende wil van God kan wees. God se wil verwys immers in die eerste plek na wat Hy aan ons *bekend* gemaak het omtrent Homself en hoe Hy wil hê ons moet lewe. Gevolglik, om te bid volgens die wil van God beteken dat mens in jou gebede daarop moet konsentreer om God se bekende wil vir jou lewe te deurdink. Persoonlik dink ek dat ons veels te min van hierdie aspek maak. Maar in die bespreking wat volg, konsentreer ek op die sg onbekende wil van God, dat ons dikwels voor situasies te staan kom waar dit nie meteens duidelik is waarheen God met ons wil nie, of, waar sy bekende wil onaanvaarbaar blyk te wees. Hiervan is daar talle voorbeelde in die Bybel, waarvan enkeles hieronder genoem sal word.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Heer, en daarom is sy antwoord op gebed altyd van sy Raad en besluite/wil afhanklik (Herrmann 1964:791). Hierdie toedrag van sake word in die Nuwe Testament voortgesit. Wanneer Jesus in die Bergrede oor ons daaglikse stryd om den brode handel, verseker Hy ons van God se versorging, maar herinner Hy ons terselfdertyd daaraan dat ons ons allereers[8] moet beywer vir God se koninkryk en sy[9] (God se) geregtigheid (Matt 6:33). God se oorkoepelende saak/wil vorm so die konteks waarbinne die gelowige werk en bid (vgl Miller 1994:321-322). En in die normatiewe Ons Vader-gebed word ons by name geleer om te bid dat God se wil sal geskied (Matt 6:10), met die implikasie dat die gelowige hom daaraan sal onderwerp.

In die algemeen skep die wete dat ons moet bid volgens die wil van God nie probleme vir die gebedslewe nie. Maar dit is wanneer allerlei "logiese" afleidings omtrent die verband tussen gebed en die wil van God gemaak word dat probleme ontstaan. Dit kom naamlik daarop neer dat gebed as oorbodig, futiel, beleef kan word in die lig daarvan dat God se wil in elk geval geskied. Waarom bid mens nog vir 'n bepaalde saak as dit "reeds duidelik" is dat God se wil in 'n ander rigting lê, of, as God in elk geval alles, lank gelede, "voor die grondlegging van die wêreld", in 'n onveranderlike en gedetailleerde bloudruk vir die wêreld vasgelê het? Hoe kan gebed enigiets verander aan God se wil?

Hierdie soort denke is die rede waarom mens soms stemme hoor dat die gelowige in sy of haar gebed eintlik net moet konsentreer op lof en dank. Die voorbiddingelement moet liefs gelaat word omdat God Hom nie laat verbid nie. Sy wil en Raad staan vas. Hy is die Groot Beplanner wat ongeag menslike optrede of versoeke sy wil onverbiddelik deurvoer. Al wat die gelowige kan doen, is om God vir sy wil te loof en te dank – in weerwil van die lyding en smart wat sy wil mag meebring – en dit gelowig-inskiklik uit God se hand te ontvang.

Hierdie siening van gebed is 'n goeie voorbeeld van hoe 'n bepalende invloed 'n mens se teologie, veral jou Godsbeeld, op gebed kan hê. Die standpunt dat mens God se wil nie moet probeer verander nie, maar net daarvoor moet buig, mag baie vroom voorkom, maar dit stuit op die duidelike voorbeelde in die Bybel waar gelowiges nie

[8] Vgl die *prōton* van die Griekse teks.

[9] Die "sy" verwys na *God*, nie na die *koninkryk* nie (vgl Luz 1985:364 n 4).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

sonder meer die wil van God gelate aanvaar nie, maar met God "stry" oor wat met hulle aan die gebeur is. En in sommige gevalle verander God inderdaad sy plan, maar in ander gevalle nie. Voorbeelde van eersgenoemde is Hiskia wat, ná hy berig ontvang dat hy nie van sy siekte sou herstel nie maar dat God hom sou laat sterwe, ernstig tot God bid, en God sy plan verander en nog 15 jaar by Hiskia se lewe voeg (2 Kon 20:1-6). 'n Ander geval is die gebeure wat in die boek Jona beskryf word. God beplan om Nineve te verwoes vanweë dié se sonde, maar die Nineviete kom tot bekering en roep tot God om af te sien van sy plan. Toe God hulle berouvolle optrede sien, verander Hy inderdaad van besluit (Jona 3:3-10). Voorbeelde waar God *nie* sy plan verander nie, is by Jesus se Getsemane-gebed (Mark 14:36, 39 par) en by Paulus se gebed om die verwydering van die doring in die vlees (2 Kor 12:1-10[10]). Jesus is bewus van die lydensbeker wat Hy moet drink – wat die wil van sy Vader is (vgl die drievoudige lydensaankondigings in Mark 8, 9 en 10) – maar smeek God desnieteenstaande om die lydensbeker by Hom te laat verbygaan. Is daar nie dalk 'n ander weg tot sy koms in heerlikheid nie?[11] Nogtans onderwerp Jesus Hom aan wat God ook al mag besluit. En God hou by sy plan en laat Jesus die kruispad loop. Dieselfde by Paulus: Die doring in die vlees blý; God se genade is genoeg om dit draaglik te maak.

Dit word nou duidelik dat die verhouding tussen ons gebede en God se wil nie vir menslike – selfs gelowige – denke deursigtig is nie. Die voorbeelde hierbo wys juis uit dat gebed wat soek na die wil van God met veel worsteling gepaard gaan. Maar wat wel uit die voorbeelde duidelik behoort te wees, is dat die konsep dat God onveranderlik en onbeweeglik in sy wil is, mank gaan aan grondige denke. Daar is geen teenstrydigheid tussen God se soewereine Heerskap en sy openheid tot verandering nie (Balentine 1993:270). Ja, God ís die Groot Beplanner, die Meesterbrein wat die wêreld – en indi-

[10] Dit is die enigste plek waar ons insae kry in Paulus se gebedslewe omtrent sy eie persoonlike behoeftes. Sy gebede sentreer gewoonlik om die welwese van die kerke en die uitvoering van sy sendingwerk (Wiles 1974:238).

[11] Ons moet die egtheid van Jesus se versoek om 'n alternatief vir sy lydensweg nie probeer wegredeneer nie. Die hele verhaalgang van die Markusevangelie berei die leser immers voor vir die moontlikheid dat God sy mag kan aanwend om lyding en pyn te verlig. Dit is trouens waaruit Jesus se hele bediening tot hiertoe bestaan het – deur siekes te genees en demone uit te dryf. Daar is dus niks vreemd aan die versoek nie dat God ook hier sy mag sal gebruik om in hierdie laat uur die lyding van Jesus af te wend. Maar dis hier waar nie net God se mag nie, maar ook sy wil in die spel kom: Hy kán die lyding van Jesus wegkeer, maar Hy wíl nie. En hiermee hou Jesus rekening en lê Hy Hom by voorbaat neer wanneer Hy bid dat nie sy wil nie, maar die wil van sy Vader sal geskied (vgl Dowd 1988:151-162 vir 'n bespreking van die mag en wil van God in die Getsemane-gebeure volgens Markus).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

vidue – stuur en rig volgens sy welbehae, maar op die een of ander manier betrek en inkorporeer Hy ons gebede by sy meesterplan. Dit is die minste wat ons kan sê, maar waarskynlik ook die meeste. Die belangrike is egter dat hierdie insig die gelowige nie by voorbaat laat boedel oorgee nie, en die gebed nie laat verstom wanneer ons gekonfronteer word met wat vir ons na die onveranderlike en onbeweeglike wil van God lyk nie. Nee, die wete – die kinderlike geloof! – dat God nie buite ons om nie, maar sáám met ons sy wil volvoer, nooi ons juis uit om Hom in die gebed te raadpleeg, voorbidding te doen – tot in die fynste besonderhede toe – en met Hom te worstel totdat ons die saak "deurgebid" het (soos Jesus en Paulus) en ons gemoed tot rus gekom het in sy wil.

'n Mens moet egter nie dink dat gebed en Goddelike antwoord 'n simplistiese *quid pro quo*-verhouding is nie. Wanneer God van plan verander, is dit steeds in ooreenstemming met sy Goddelike natuur en Raad. God handel nie vóór ons gebede strydig met sy Goddelike aard, en ná ons gebede meer op een lyn daarmee nie. Nee, wanneer God verander, doen Hy dit as God, in ooreenstemming met sy Goddelike wese en Raad (Balentine 1993:270).

Maar ook wanneer God nie van plan verander nie, of waar dit na baie worsteling nog nie duidelik is wat God se wil is nie, of dit nie duidelik is óf Hy hoegenaamd, en indien wel, hóé Hy my gebede verhoor nie, kan ons steeds rus in die wete dat Hy wel ons gebede verhoor. Die toestaan van ons versoeke deur God, en gebedsverhoring, val nie noodwendig saam nie. God mag dalk nie aan ons versoeke gehoor gee nie, maar dit beteken nie dat ons gebed nie verhoor word nie. Indien ons gebedsverhoring en die toestaan van ons versoeke met mekaar sou identifiseer, sou dit beteken dat Jesus se Getsemane-gebed en Paulus se doring-in-die-vlees-gebed nie verhoor is nie. En so 'n afleiding lyk nie geregverdig in die lig van die teksdata nie. As ons Jesus se Getsemane-gebed en die verdere verloop van gebeure in oënskou neem, is dit duidelik dat Hy deur sy gebedsworsteling in die tuin versterk is en sy kruisdood met 'n nuwe aanvaarding tegemoet getree het. Trouens, in die Matteusweergawe van Jesus se tuingebed is dit duidelik dat daar groei in Jesus se onderwerping aan die wil van sy Vader plaasvind. Anders as Markus, rapporteer Matteus die tweede gebedsmeking van Jesus in groter besonderhede. Die eerste keer pleit Jesus nog met 'n positiewe verwagting: "My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by My verbygaan" (Matt 26:39). Maar die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

tweede keer is daar al klaar 'n groter aanvaarding van sy Vader se wil as Hy in die negatief bid: "... as hierdie beker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie ..." (26:42) (vgl Miller 1994:322). Jesus se gebed moes dus op 'n ander, hoër, vlak verhoor gewees het as bloot dié van die toestaan van sy versoek. Dieselfde met Paulus wat rus in die genade van God wat genoeg is. Hy kry nie wat hy vra nie, ten spyte daarvan dat hy God dringend en volhardend vra,[12] maar hy rus uiteindelik daarin dat sy versoek betrek word by 'n groter waarheid omtrent sy lewe as waarop hy aanvanklik gereken het – die wil van God. Paulus het die grense van wat hy kon vra – die wil van God, spesifiek omtrent lyding – nie by voorbaat geken nie; hy moes dit al biddende leer (Versteeg 1978:110). Hieroor merk Miller op (1994:323) dat die Christelike gebede wat ons in die Nuwe Testament aantref, algaande gevorm is deur 'n teologie van die kruis, waar gebedsverhoring nie soseer in die toestaan van versoeke bestaan nie, maar in die openbaring van God se genade en krag in swaarkry.

Hierdie insigte bring 'n dimensie in ons gebedslewe na vore wat kortsigtigheid en tonnelvisie verminder en vryheid en vrymoedigheid bring. As dit die oorkoepelende doel van gebed is om in pas te kom met die wil van God, dan open dit ons oë vir die welbehae van God, dat Hy goed is vir ons, maar dat sy goed-wees soms onbegryplik anders kan wees as wat ons versoek. Ons moet God steeds God laat bly in ons versoeke, soos Jesus gemaak het: Hy vra – voluit – dat die lydensbeker by Hom sal verbygaan, maar lê Hom terselfdertyd neer by die wil van sy Vader, as dié anders mag blyk te wees.

Dat ons gebede in die "dun lug" van God se wil moet beweeg, is nie bedoel om ons kortasem te maak nie. Dit wil nie ons gebede intimideer, inhibeer, inkort of selfs die swye oplê nie. Dit rig eerder die uitdaging aan ons om die gesprek met ons hemelse Vader op 'n "gevorderde" vlak – op God se vlak – voort te sit. Dit is hier waar 'n mens se geloofspiere tot die uiterste ingespan word. Want eintlik is ons besig om uit te reik na

[12] "Dringend" (so Wolff 1989:248) en "volhardend" is na my mening die bedoeling van die drieledige herhaling van Paulus se versoek (so ook Versteeg 1978:110). Ander eksegete (bv Pop 1971:364) neem egter die "drie maal" letterlik op, en voer as motivering aan die verband met die drievoudige gebed van Christus in Getsemane, die drievoudige seën van Num 6:24ev, die drievoudige vloek van Gen 9:25, Elia wat hom drie maal oor die kind van die weduwee van Sarfat uitstrek (1 Kon 17:21), ens. Die gedagte is verder dat 'n drievoudige gebed die reël as agtergrond het dat in die mond van twee of drie getuies 'n woord sal vasstaan. Dit is egter te betwyfel of 'n getal wat in die Bybel soveel simboliese bagasie met hom saamdra, in 'n konkrete geval noodwendig aanduiding moet wees van wat letterlik gebeur het. Dit is moeilik om jou voor te stel dat Paulus, wat so ernstig geworstel het met sy lyding (wát die aard daarvan ook al was), die saak letterlik slegs drie maal voor die Here gebring het.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

God se gedagtes wat hoër en anders is as ons s'n. Maar wie met hierdie gesprek volhard, het die versekering dat dit uiteindelik rus sál bring, al gaan dit met baie wroeging en worsteling gepaard. God wil hê dat ons klein versoeke sal saamsmelt met sy liefdevolle groter wil vir ons (Cullmann 1995:34).

### 3.3 Gebed en die almag van God

Die spreekwoord lui: "Nood leer bid". Maar dis nie noodwendig waar nie. Want daar is omstandighede wat by nood-leer-bid verby is. Daar kan dinge gebeur wat so verskriklik is, wat ons vertroue in die almag van God so skok, dat ons gebede heeltemal verstil. Na die uitdelging van miljoene Jode in die Tweede Wêreldoorlog het die vraag ontstaan: Wie kan nog na Auschwitz bid? Nader tuis sou 'n mens kon vra: Wie kan nog bid na die een sinlose plaasmoord op die ander? 'n Mens sou nog kon bid as jy net bewus was van die een of ander doel wat God met hierdie en soortgelyke verskriklike gebeure kon hê. Maar wat as jy ernstig twyfel of God hoegenaamd 'n plan daarmee het, of as jy nie die plan kan raaksien nie, of as jy ernstige bedenkinge begin koester of God werklik in beheer van sy skepping is, of as jy Hom begin beskuldig dat Hy nie die God van liefde kan wees as Hy soveel ellende toelaat nie, of Hom verwyt dat Hy as die Groot Oorsaak van alles op aarde dus ook die oorsaak van alle lyding is? Wie kan nog bid met sulke vrae en opvattings in die hart?

Die Bybel gee nie direkte antwoorde op hierdie dringende vrae nie. Bevestiging van die meerduidigheid van Bybelse gegewens oor God se beheer van sy skepping, is byvoorbeeld die verskillende stemme binne NG Kerkgeledere wat enkele jare gelede oor die aard van God se beheer oor die bose, dit wil sê, oor die aard van God se almag, opgeklink het. Twee standpunte is gestel. Eerstens 'n soort dialektiek: God is en was nog altyd in volle beheer, maar die binnewerking daarvan is nie vir ons deursigtig nie. Eers in die eschaton sal dit duidelik wees dat en hoe Hy altyd in beheer was wanneer Hy alle teenspraak vir sy beheer van die toneel sal verwyder. Tweedens was daar 'n soort logies-reglynige standpunt: God is nog nie volledig in beheer nie; Hy is besig om beheer te verkry en sal dit eers in die eschaton hê.[13] Die vraag wat aan die adres van die eerste

[13] Die debat is beide in die sekulêre media en in *Die Kerkbode* gevoer. Twee prominente deelnemers (daar was meer) was Johan Heyns en Adrio König. Eg het standpunt 1 voorgestaan en lg standpunt 2. Vir die neerslag van die debat in *Die Kerkbode*, kyk die uitgawes van 9/10/92 (hoofartikel) (p4); 23/10/92 (p10); 4/12/92 (p 11) en 11/12/92 (p 4).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

standpunt gerig kan word, is: as God nóú in volle beheer is, hoekom sien ons so min daarvan? Die vraag weer aan die tweede standpunt is: as God *nie* nou in volle beheer is nie, watter versekering het ons dat Hy sake so kan stuur dat Hy wel volle beheer in die eschaton sal verkry? En as die antwoord hierop is dat Hy dit sal kan doen omdat Hy God is, is dit dan nie wesenlik dieselfde as standpunt 1 nie? Dus, wat my persoonlik betref, skaar ek my by standpunt 1.

Maar dis nie my bedoeling om nou die twee opsies teen mekaar op te weeg nie. Die vraag waaroor dit hier gaan – ongeag watter standpunt ondersteun word – is watter plek gebed in die almag van God, in sy beheer oor die bose het. Soos reeds gesê, antwoord die Bybel hierdie vraag nie eksplisiet nie. Al wat ons het, is die aard en struktuur van God se handelinge soos dit in die bladsye van die Bybel ontvou, en die getuienis van gelowiges wat volhard in gebed in die aangesig van die allerverskriklikste rampe en ellende.

Wat God se handelinge betref, kan mens nie anders nie as om ontsag te hê vir die oneindige vindingrykheid van God. Of Hy nou in terme van standpunt 1 of 2 hierbo in beheer is of besig is om dit te kry, feit is dat Hy nog altyd sy superioriteit as die soewereine Heer bewys het deur die mag van die bose te breek, deur 'n situasie wat die potensiaal gehad het om onheil te laat seëvier, in heilsgeskiedenis te verander. 'n Mens sou hier 'n reeks van gebeure kon noem, maar die toppunt van almal is sekerlik die kruisgebeure. Die bose beplan – via mense – die ondergang van Jesus, en kry dit oënskynlik met sy kruisdood ook reg. Maar God gebruik dieselfde gebeure om die ewige heil vir eens en vir altyd te laat deurbreek. Nêrens word dit seker meer pregnant geïllustreer as in die moment dat Jesus sterwe nie. In daardie oomblik toe alles verlore blyk te wees, roep die toesighoudende Romeinse offisier uit: "Hierdie man was werklik die Seun van God" (Mark 15:39). Ten minste twee lyne val hier saam: (a) Die offisier se erkenning dat Jesus die Seun van God is, suggereer alreeds die opstanding van Jesus, die oorwinning oor die dood en die bose, die aanbreek van die nuwe bedeling; en (b): Die feit dat dit 'n Romeinse offisier is wat hier praat, open reeds vistas van die heidene wat Christus as die Seun van God sou bely. Wat 'n triomf vir die bose moes wees, word omskep in 'n triomf vir God. Daar is nie 'n manier waarop God in die skep van heil vir die wêreld gedwarsboom kan word nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

En dan is daar die getuienis van gelowiges in die aangesig van groot trauma. Weer sou 'n mens talle voorbeelde kon noem, maar ek volstaan met die sprekendste een. Wanneer Jesus (hier gesien as die gelowige by uitstek) aan die kruis die dieptepunt van Godverlatenheid beleef, hou Hy paradoksaal aan die teenwoordigheid en nabyheid van sy Vader vas, wanneer Hy bid-roep: "My God, My God, waarom het U My verlaat?" (Mark 15:34). Te midde van sy ervaring van Godverlatenheid spreek Hy God steeds as "my God" aan, en put Hy vertroosting uit die nabyheid van sy Vader.

En dít is waar gebed sy plek inneem in die almag van God en sy beheer oor die bose. Dit kom wesenlik op dieselfde neer as wat oor gebed en die wil van God gesê is, naamlik dat op een of ander wyse, maar bitter min – indien hoegenaamd – vir ons deursigtig, God ons gebede opneem in sy besondere soort bestuur van die skepping op makro- en mikrovlak. Al bestaan die sin van ons gebede in donker tye net daarin dat ons aan God se nabyheid en goedheid bly vashou, dan is dit reeds 'n groot oorwinning vir God se heilswerk, 'n magtige getuienis van die *praesentia realis* van sy koninkryk. Want dit kos moed om in die aangesig van die allerverskriklikste gebeure te bly bid. Ons doen dit egter nie om die een of ander sielkundige katarsis te ervaar, of om iets uit ons sisteme te kry nie (hoewel dit welkome byprodukte mag wees), maar omdat Gód ons die moed gee om juis in sulke omstandighede te bly vashou aan sy nabyheid en goedheid, en aan ons die versekering gee dat ons gebede in die groter opset van dinge saakmaak. Dis wanneer mens in sulke omstandighede *nie* meer aan God as naby en goed dink nie, dat jy nie die moed het om te bid nie. Maar as jy deur die waas van pyn en smart aan sy nabyheid en goedheid vashou, dan het jy moed om te bid, nog meer: dan maak dit die hoogste sin, teen alle sinloosheid in.

In hierdie verband is die toneel wat Openbaring 5:8 en 8:3-4 skets, veelseggend: Die gebede van die gelowiges word as[14] wierookoffer aan God gebied. Eerstens dui dit op die gebede van gelowiges wat voortdurend voor die aangesig van God is. Tweedens is dit opmerklik dat dit juis die gebede van die gelowiges is wat die volgende toneel in werking stel waar die oordele van God die inwoners van die aarde tref (8:5ev). Daar is dus 'n verband tussen die gebede van die gelowiges en God wat dinge na 'n einde voer

[14] Dit is nie onmiddellik duidelik of die wierook *gemeng* word met die gebede, en of die wierook die gebede self *is* nie. Indien Op 8:3-4 met 5:8 saamgelees word waar die wierook sonder twyfel die gebede self is, kan ook in 8:3-4 aanvaar word dat die wierook die gebede van die gelowiges is (Mounce 1977:182).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

(Kraft 1974:134-135). En so word ons gebede opgeneem in die voltooiing van alle dinge (Versteeg 1978:150). Die eintlike verhoring van alle gebede vind plaas by die wederkoms van Christus wanneer die diepste versugtinge van gelowiges beantwoord sal word. Daarom loop die gebede van gelowiges altyd uit op die roep van Openbaring 22:17, 20: "Amen! Kom, Here Jesus."

## 4. SAMEVATTING

Die probleemareas hierbo uitgelig hoef nie daartoe te lei dat gebed as oorbodig of futiel beleef word nie. Weliswaar is dit vanuit 'n bepaalde soort logiese denke begryplik dat die alwetendheid, wil en almag van God gebed as oorbodig en nutteloos kan verklaar. Maar die beredenering van enkele sleuteltekste hierbo het uitgewys dat futiliteit nie 'n geldige gevolgtrekking is nie. Die resultate kan soos volg opgesom word:

### 4.1 Gebed en die alwetendheid van God

- Dat God alles van die gelowige weet, lei nie tot gebedsverlamming nie, maar maak die gebed juis moontlik.
- God se alwetendheid is nie 'n kille, deursoekende oog wat die gelowige laat sidder nie, maar 'n sagte, begrypende blik wat die liefde, goedheid en versorging van God openbaar. Dit dring juis die gelowige om alles aan God bekend te maak wat alles van hom/haar weet.

### 4.2 Gebed en die wil van God

- God se wil is nie iets wat alles so deterministies bepaal dat gebed – veral gebed as petisie – daarmee die swye opgelê word nie. Die kontekste waarin gebed in verband met die wil van God voorkom, toon juis aan dat God Hom laat verbid; Hy is nie onver-bid-delik nie. God kan "van plan verander". Hierdie planverandering is egter nie willekeurig nie. God tree steeds in ooreenstemming met sy Goddelike wese en Raad op wanneer Hy van plan verander. Hy is nie ná sy planverandering meer God as daarvóór nie.
- God se wil is nie deursigtig nie. Daarom staan Hy ons gebedsversoeke dikwels nie toe nie. Sulke gebede moet egter nie as onverhoord aangemerk word nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

God verhoor altyd gebede. Maar gebed open juis ons oë vir 'n groter waarheid omtrent ons lewe as waarvoor ons aanvanklik gevra het.

- Of God "van plan verander" en ons gebedsversoeke toestaan, of nie – sy wil is altyd goed; dit wil die beste vir ons, hoewel hierdie "goed" en "beste" dikwels onbegryplik is. Daarom is gebed volgens die wil van God altyd 'n uitdaging. So 'n gebed reik uit na God se gedagtes wat hoër is as ons s'n. Maar wie met hierdie gesprek volhard, sal uiteindelik rus vind in God.

### 4.3 Gebed en die almag van God

- Ten spyte van die allerverskriklikste dinge wat gebeur, bely die gelowige dat God almagtig is, dat Hy alles in sy hand hou, dat Hy in beheer is van sy skepping en van die bestemming van die mens. Hierdie almag is egter nie vir ons begrip deursigtig nie.
- Die struktuur van God se handelinge met die skepping en met die mens is vol daarvan dat God uit die grootste onheil heil kan bewerk. Die almag van God blyk daarin dat Hy die oneindig vindingryke is. Uiteindelik breek sy heil deur. Hy kan finaliter nie gedwarsboom word nie.
- Hoewel nie deursigtig nie, neem God die gelowige se gebede op in hierdie vreemde almag van Hom. Daarom laat lyding nie die gebed verstil nie. Die Bybel getuig daarvan dat gelowiges te midde van alles wat daarteen spreek, nogtans aan God se almag en goedheid vashou, nie om daaruit die een of ander sielkundige katarsis te ervaar nie, maar om teen alle sinloosheid in aan die reële teenwoordigheid van God en sy koninkryk vas te hou.
- Daar is 'n verband tussen die gebede van gelowiges en God wat dinge na 'n einde voer. Die gebede van gelowiges word op die een of ander manier opgeneem in God se plan vir hierdie wêreld. In dié sin vermag gebed baie. Dis 'n instrument in die hand van God wat die wêreldgeskiedenis help bepaal, maar nie op 'n triomfantelistiese en deursigtige wyse nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## Literatuurverwysings

Balentine, S E 1993. *Prayer in the Hebrew Bible: The drama of divine-human dialogue.* Minneapolis: Fortress.

Carson, D A 1984. Matthew, in Gaebelein, F E, *The Expositor's Bible Commentary,* Volume 8. Grand Rapids: Zondervan.

Cullmann, O 1995. *Prayer in the New Testament: With answers from the New Testament for today's questions.* London: SCM.

*Die Kerkbode.* 9/10/92, 23/10/92, 4/12/92, 11/12/92.

Dowd, S E 1988. *Prayer, power, and the problem of suffering: Mark 11:22-25 in the context of Markan theology.* Atlanta: Scholars. (SBL Dissertation Series 105.)

Fisher, F L 1954. *Prayer in the New Testament.* Philadelphia: Westminster.

Grundmann, W 1971. *Das Evangelium nach Matthäus.* Berlin: Evangelische Verlagsanstalt. (ThHNT.)

Herrmann, J 1964. s v *(pros)euchomai. TDNT.*

Kraft, H 1974. *Die Offenbarung des Johannes.* Tübingen: Mohr (Siebeck). (HNT 16a.)

Luz, U 1985. *Das Evangelium nach Matthäus (Mt 1-7).* Zürich: Benziger. (EKK 1/1.)

Luz, U 1995. *The theology of the Gospel of Matthew.* Cambridge: CUP.

Miller, P D 1994. *They cried to the Lord: The form and theology of biblical prayer.* Minneapolis: Fortress.

Mounce, R H 1977. *The book of Revelation.* Grand Rapids: Eerdmans. (NICNT.)

Pelser, G M M 1994. Enkele opmerkings oor die wese van die kerk. *HTS* 50, 311-329.

— 1995. Die kerk in die Nuwe Testament. *HTS* 51, 645-676.

Pop, F J 1971. *De tweede brief van Paulus aan de Corinthiërs.* Nijkerk: Callenbach. (PNT.)

Ridderbos, H 1959. *Aan de Romeinen.* Kampen: Kok. (CNT.)

Schweizer, E 1978. *The good news according to Matthew.* London: SPCK.

Versteeg, J P 1973. *De Heilige Geest en het gebed.* Kampen: Kok. (Apeldoornse Studies 6.)

Versteeg, J P 1978. *Het gebed volgens het Nieuwe Testament.* Amsterdam: Buijten & Schipperheijn. (Zicht op de Bijbel 10.)



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Wiles, G P 1974. *Paul's intercessory prayers: The significance of the intercessory prayer passages in the letters of St Paul.* Cambridge: CUP. (SNTSMS 24.)

Wolff, C 1989. *Der zweite Brief des Paulus an die Korinther.* Berlin: Evangelische Verlagsanstalt. (ThHNT.)



Digitised by the University of Pretoria, Library Services